

6 September

Skrifgedeelte: Matteus 13

Fokusgedeelte: Hebreërs 5:11-14

Melkkos is kinderkos

Alles wat leef, groei. 'n Blombol groei. 'n Baba groei. As iets egter dood is, groei dit nie meer nie. Kom ons stel dit so: 'n Dooie geestelike lewe sal nie groei nie, want net iets wat lewe, kán groei. Groei jy in die geloof of nie?

In ons fokusgedeelte beskryf die Hebreërskrywer die doodsheid wat verskuil lê in die lewe van mense wat nie hulle geestelike kinderskoene wil ontgroeï nie. Hy sien hulle as geloofsbabas wat traag is om te leer. Traag beteken "stadig". Hulle is traag om die babataal van die Ou Testament te laat ontwikkel in die ensiklopediese woordeskat van die Nuwe Testament. Hulle is traag om van die "prentjies" weg te kom. Voorbeelde is die "prentjie" van feeste wat gevier moes word en die offers wat gebring moes word. Hulle wou nie die woordprentjies van dit wat sou kom, agterlaat nie.

Watter geestelike kos voed jou geestelike lewe? Babakos of grootmenskog? Ons moet groei – dit is die kern van die saak. Met Christus se koms is die skaduwees immers met die werklikheid vervang. 'n Baba vat aan enige ding wat hy kan bykom en sit dit in sy mond sonder om te weet of dit goed of sleg is. Die volwassene doen dit nie, want hy is versigtig wat hy doen. Dieselfde beginsel geld vir die geestelike lewe. Stamp jy alles nog af in 'n geestelike sin? Krap jy alles om? Of beskik jy oor die insig wat deur ervaring verkry en ontwikkel is om tussen goed en kwaad te onderskei? Wat maak jy met jou lewe wat uit God gebore is?

Melkkos is hiervoor onvoldoende.

Sing: Psalm 92:6,7 Dr PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)